



Gesamentlike en dubbelgrade op Magister- en Doktorale vlak met buitelandse Universiteite

Tipe dokument:	Beleid
Doel van die beleid:	Om riglyne vir die toekenning van gesamentlike en dubbelgrade op magister- en doktorale vlak te bepaal.
Goedgekeur deur:	US Raad
Goedkeuringsdatum:	2012/12/03
Implementeringsdatum:	2013/01/01
Datum van volgende Hersiening:	Soos nodig
Datum(s) van vorige Hersienings:	Geen
Beleideienaar¹:	Viserektor: Leer en Onderrig; Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies
Beleidkurator²:	Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning
Sleutelwoorde:	Gesamentlike grade, Dubbelgrade, Buitelandse Universiteite, Internasionale Akademiese Samewerking
Geldende Weergawe:	Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar.

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

¹ Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikeheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.

² Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

BELEID VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH OOR GESAMENTLIKE EN DUBBELGRADE OP MAGISTER- EN DOKTORALE VLAK MET BUITELANDSE UNIVERSITEITE

Deur die Universiteitsraad op 3 Desember 2012 goedgekeur.

1. Die Universiteit Stellenbosch (US) mag saam met buitelandse (internasionale) universiteite gesamentlike en dubbelgrade op magister- en doktorale vlak toeken.
2. 'n Gesamentlike graad spruit uit internasionale akademiese samewerking tussen twee of meer instansies op 'n gesamentlik gedefinieerde en ten volle gedeelde studieprogram wat lei tot 'n gesamentlike graad. Dit beteken dat al die instansies in so 'n vennootskap verantwoordelik is vir die program in geheel en nie net vir hulle eie afsonderlike gedeeltes nie.¹
3. 'n Dubbelgraad volg op internasionale akademiese samewerking tussen twee of meer instansies op 'n gesamentlik gedefinieerde, maar gedeeltelik gedeelde studieprogram waar sommige aspekte spesifiek behoort aan elk van die vennote, terwyl ander aspekte gedeel word en dit dan lei tot 'n dubbelgraad. Dit beteken dat vennootinstansies verantwoordelik is vir hulle eie afsonderlike gedeeltes (die gedeeltes word wedersyds erken deur die vennote), maar 'n gedeelde verantwoordelikheid het wat betref daardie gedeeltes van die program wat gedeel word.
4. Die uitkomste van sowel die gesamentlike as die dubbelgrade is enkele kwalifikasies aangesien hulle nie onafhanklik van mekaar toegeken kan word nie. Die fundamentele verskil met enkelgrade (deur slegs een instansie toegeken) lê dus in die gedeelde aard van die gesamentlik gedefinieerde studieprogram (m.a.w. die "handeling") wat lei tot 'n gesamentlike of dubbelgraad en dus ook die omvang van die samewerkingsooreenkoms. Gesamentlike grade lê aan die uiterste van die kontinuum wat die hoogste vlak van samewerking aandui, dubbelgrade by 'n verdere punt op die kontinuum en nader aan die ander uiterste van die kontinuum lê enkelgrade (deur slegs een instansie toegeken) waar daar, byvoorbeeld, kredietoordrag vanaf 'n vennootinstansie deur middel van 'n uitruilprogram kan plaasvind.
5. As 'n riglyn is gesamentlike grade gewoonlik meer van toepassing op navorsingsgraadprogramme (doktors- en meestersgrade met 'n navorsingsfokus).
6. Dubbelgrade is gewoonlik meer van toepassing op programme waar die onderskeie vennote verskillende kursuskomponente (waarvoor daar wedersydse kredieterkenning is) aanbied wat bydra tot die geheel en waar die tesis die gedeelde komponent uitmaak deur gesamentlike tesisleiding en gesamentlike eksaminering. In gevalle waar die US 'n dubbelgraad toeken, moet 'n kandidaat 'n minimum van 50% van die totale Suid-Afrikaanse krediete vir die graad aan die US voltooi het en daarna kan die US 'n maksimum van 50% krediete erken wat verwerf is by die vennootuniversiteit. Dit vorm saam die totale aantal krediete verwerf vir die graad en sal op meestersgrade van toepassing wees.

¹ <http://www.uib.no/education/collaboration/uibs-involvement-in-joint-degrees-and-programmes/central-concepts-and-definitions>, 2010

7. Die wyse waarop gesamentlike en dubbelgrade erken word (die gevolglike diploma of diplomas), word oor die algemeen voorgeskryf deur die nasionale en wetlike vereistes van elke land. Waar 'n land se wetgewing die toekenning van gesamentlike grade toelaat, is dit nuttig om die riglyne van die Lissabon-verdrag² aangaande sertifisering te volg aangesien hierdie riglyne buigsaamheid oor uiteenlopende nasionale stelsels toelaat en die nasionale erkenning van die kandidaat se kwalifikasie beskerm. Hierdie riglyne is ook van toepassing op die sertifisering van dubbelgrade.
8. Die US verkies dat twee of meer nasionale diplomas³ (= graadsertifikate) amptelik uitgereik word as die enigste bevestiging van die betrokke gesamentlike of dubbelkwalifikasie onder voorbehoud dat elke graadsertifikaat daarvan melding moet maak dat die kwalifikasie toegeken is in samewerking met 'n ander instansie(s) en tesame die een enkele handeling verteenwoordig.
9. 'n Diploma-bylaag is 'n dokument wat gesamentlike of dubbelgraaddiplomas vergesel en die aard verduidelik van die gesamentlike program, bestaande uit 'n enkele handeling (die geheel van die leer- en assesseringservaring deur die hele proses), en die krediet- en graderingstelsel wat gevolg is, beskryf.
10. Die volgende voorwaardes is van toepassing op die toekenning van gesamentlike en dubbelgrade: Dit word slegs op magister- en doktorsvlak toegeken.
 - 10.2. Dit word slegs toegeken in samewerking met universiteite buite Suid-Afrika.
 - 10.3. Dit word slegs toegeken binne bilaterale ooreenkomste (m.a.w. tussen die US en 'n buitelandse universiteit, óf tussen die US en 'n konsortium van universiteite).
 - 10.4. Dit kan toegeken word binne enige dissipline wat aangebied word deur sowel die US as die buitelandse universiteit.
 - 10.5. Wanneer die US 'n besluit moet maak oor die buitelandse universiteit met wie gesamentlike of dubbelgrade aangebied kan word, moet aan die volgende ses vereistes as 'n geheel voldoen word op 'n beduidende wyse:
 - 10.5.1. dit moet inpas by die visie en missie van die US en bydra daartoe dat die US se doelwitte bereik word;
 - 10.5.2. die US moet voordeel trek uit die samewerking met die spesifieke buitelandse universiteit;
 - 10.5.3. die buitelandse universiteit moet oor die toepaslike kundigheid beskik in die navorsingsveld waarin die gesamentlike of dubbelgraad toegeken kan word;

² Die Lissabon-verdrag verklaar:

“'n Gesamentlike graad mag toegeken word as:

- a) 'n gesamentlike diploma bykomend by een of meer nasionale diplomas,
- b) 'n gesamentlike diploma wat uitgereik word deur die instansies wat die betrokke studieprogram aanbied, sonder dat dit vergesel word deur enige nasionale diplomas,
- c) een of meer nasionale diplomas amptelik uitgereik word as die enigste bevestiging van die betrokke gesamentlike kwalifikasie.” (*Recommendation on the Recognition of Joint Degrees adopted by the Committee of the Convention on the Recognition of Qualifications concerning Higher Education in the European Region on 9 June 2004*, URL: <https://wcd.coe.int/wcd/ViewDoc.jsp?id=836481&Site=COE>)

³ Die term “nasionale diploma” wat in hierdie dokument gebruik word, ooreenkomstig met internasionale praktyke, verwys na die papier dokument of sertifikaat wat toegeken is. Dit behoort nie met die term “Nasionale Diploma” verwar te word wat in die Suid-Afrikaanse konteks verwys na 'n spesifieke kwalifikasie op 'n bepaalde vlak van ons Nasionale Kwalifikasieraamwerk nie.

- 10.5.4. die US en die vennootinstansie(s) moet oor die toepaslike kundigheid beskik in die navorsingsveld waarin die gesamentlike of dubbelgraad toegeken kan word;
 - 10.5.5. daar moet redelike vooruitsigte wees dat die student tussen die US en die buitelandse universiteit kan reis;
 - 10.5.6. die aantal ooreenkomste vir die toekenning van gesamentlike en dubbelgrade word streng beperk tot ooreenkomste wat redelike vooruitsigte het om volhoubaar te wees en aktief te funksioneer, soos getoon deur bewese samewerking tussen die instansies.
- 10.6. Dit word slegs toegeken op grond van 'n ooreenkoms wat op institusionele vlak gesluit word en só 'n ooreenkoms moet 'n memorandum van verstandhouding vir die toekenning van gesamentlike of dubbelgrade insluit of daarna verwys. Hierdie memorandum van verstandhouding moet minstens die volgende items en bepalinge insluit:
- 10.6.1. volle nakoming van al die nasionale en institusionele bepalinge vir die toekenning van meesters- of doktorsgrade van sowel die US as die buitelandse universiteit;
 - 10.6.2. volle nakoming van al die gehalteversekeringsvereistes en -prosedures van sowel die US as die buitelandse universiteit;
 - 10.6.3. 'n skakelingsmeganisme vir die koördinerende van die meesters- of doktorsgrade tussen aangewese verteenwoordigers van die verskillende instansies;
 - 10.6.4. die vereistes en prosedures vir die werwing, toelating, keuring en registrasie van studente;
 - a) in die geval van gesamentlike en dubbelgrade word die reël dat studente nie gewoonlik toegelaat word om terselfdertyd by meer as een universiteit in te skryf nie, ter syde gestel deur 'n spesiale besluit van die Senaat.
 - 10.6.5. bepalinge aangaande die verblyftydperke by die US en die buitelandse universiteit;
 - 10.6.6. studieleiding;
 - 10.6.7. eksaminering;
 - a) die samestelling en funksionering van die gesamentlike eksamenkomitee;
 - b) die aanbeveling van die gesamentlike eksamenkomitee is op al die instansies van toepassing (nóg die US, nóg die ander instansie(s) mag later die relevante grade toeken indien die gesamentlike eksamenkomitee dit nie aanbeveel het nie).
 - 10.6.8. prosedures om aandag te skenk aan studenteklagtes;
 - 10.6.9. dissiplinêre maatreëls;
 - 10.6.10. intellektuele eiendom;
 - 10.6.11. sertifisering en bykomende inligting wat in die diploma-bylaag vervat word;
 - 10.6.12. gradeplegtigheid;
 - a) suksesvolle kandidate ontvang hul grade tydens 'n gradeplegtigheid by die US of die buitelandse universiteit;

- 10.7. Ooreenkomste vir die toekenning van gesamentlike of dubbelmeesters- of - doktorsgrade moet deur die Akademiese Beplanningskomitee aanbeveel word en deur die Senaat goedgekeur word alvorens dit institusioneel bekragtig kan word.
- 10.8. Kandidate vir 'n gesamentlike of dubbeldoktorsgraadprogram sal gewoonlik uit die staanspoor vir 'n gesamentlike of dubbelgraad inskryf. Indien daar egter voldoende rede is, as gevolg van volgehoue samewerking tydens die verloop van die studie, om van 'n enkelinskrywing by een van die vennootinstansies oor te skakel na 'n gesamentlike of dubbeldoktorsgraad, word 'n minimum tydperk van twee verdere jare se gelyktydige registrasie by albei vennootinstansies vereis en moet enige ander reëls wat die kandidaat by albei instansies bind, in ag geneem word. In só 'n geval is die kandidaat ook onderworpe aan die ander vennootuniversiteit se toelatingsproses.
- 10.9. Die US tel gewoonlik studente wat ingeskryf is vir gesamentlike en dubbelgrade as volle meesters- of doktorsgraad-studente van die Universiteit in die geval van navorsingsgrade op magister- of doktrale vlak en rapporteer hierdie getal volgens die HEMIS-voorskrifte (die hoër onderwys inligtingbestuurstelsel) aan die Departement van Onderwys. Uitsonderings mag gemaak word in die geval van 'n gedoseerde meestersgraad waar byvoorbeeld subsidies slegs geëis kan word vir daardie modules wat aan die US geneem word, maar die tesis ten volle geëis kan word indien dit onder gesamentlike toesig voltooi is.
- 10.10. Studente aan die US moet ingeskryf wees vir die vereisde minimum tydperk vir 'n meestersgraad (een jaar) of doktorsgraad (twee jaar).

~ * ~